Die storie agter die storie van *Vandag is nie gister nie*

Ek het jare gelede begin wonder wat het van die karakters geword wat reeds hulle stories met my gedeel het in bestaande publikasies. Ek was seker hulle is daar êrens (in 'n storie-dimensie?) waar hullle voortgaan met hulle lewens. Ek was reg! Hulle het my weer gekry en het weer 'n stuk van hulle lewens met my gedeel. Hulle het natuurlik net ouer geword, soos ons almal, daarom is hierdie 'n roman vir volwassenes.

Die volgende karakters kom weer in *Vandag is nie gister nie* voor. Al die publikasies is huidig (Augustus, 2009) nog in druk.

Nina, Daniël, Matilda en Leonard

Nina, Daniël, Matilda en Leonard is die hoofkarakters in ***In die tyd van die Esob*** (Tafelberg, 1996).

> *Die uitsonderlike Afrikaanse jeugboek kan kompeteer met sy Europese en Amerikaanse eweknieë.*
> Uca Eiselen

Dit het in 1996 die Sanlamprys vir Jeuglektuur gewen en is in 1997 opgeneem in die IBBY Ererol (International Board on Books for Young People).

Sanlam-prysaanbeveling

Die woorde in die tweede paragraaf van die gedeelte wat ek aanhaal uit Petra Grütter se Sanlam-prysaanbeveling vir *In die tyd van die Esob* het soms by my bly spook:

"'n Mens wil nie te veel van die boek self verklap nie, want dis 'n werklik uitdagende teks, wat ook van die keurders vereis het om hulle dinkmasjientjies in te stel vir nuutlees. 'n Boek soos die verstel die verwagtinge binne die hele jeugboekletterkunde – dit is baken leeswerk.

Wat 'n mens wel kan sê, is dat onvolkomenheid en voorlopigheid ook hier 'n rol speel – want die sentrale karakter, wat ook die wenner word, is 'n onvolkome persoonlikheid, en die getekende skryfster van die boek, wat uiteindelik ook in die teks manifesteer, laat 'n duidelike aanwysing na dat die teks ook nog nie klaar is nie. Dis 'n voorlopige verslag oor 'n buitengewone gebeurtenis, dinamies onvoltooid."

Die hele prysaanbeveling is op my webwerf http://www,martiepreller.co.za

Ek weet nog steeds nie presies wat Petra bedoel het daarmee nie, maar dit het gevoel asof daar dalk nog iets moes kom – maar wat? *In die tyd van die Esob* was definitief "voltooid."

Opsomming van *In die tyd van die Esob* in IBBY se katalogus

"*In die tyd van die Esob* (In the Time of the Evil) is a science-fiction novel set somewhere in the future after the collapse of civilization.

Against the backdrop of a technocratic regime manipulated by an evil, coldblooded man and his android minions, each of four young people strives to be the winner in a competition that tests their physical, mental and survival skills.

The main protagonist, Nina, takes the reader with her on an odyssey of shifting realities and transmuting landscapes that test her belief in reality, the meaning of existence and herself. It is a harsh and frustrating journey during which she has to learn to discern good

from evil. In a time of unnatural colonization and brainwashing she has to learn the meaning and value of human emotions.

The book celebrates the strength and endurance of the human spirit. It is structured in a post modernistic way by means of a multi-layered perspective as three different narrators who may or may not be the same person, narrate the story."

Ek het in 2000 vir 'n groep leerders by Linden Hoërskool in Johannesburg storiemaakklasse gegee. Hulle het 'n jaar of wat vantevore *In die tyd van die Esob* in die skool behandel en wou by my antwoorde hê, soos byvoorbeeld: Watter Nina het regtig die boek geskryf? Ek het natuurlik nie antwoorde gehad nie. Hoe moet ek weet?

Nou het ek vir hulle 'n antwoord, waar hulle ookal nou mag wees – Nina in *Vandag is nie gister nie* móét nog *In die tyd van die Esob* skryf . . .

Aanhalings uit *In die tyd van die Esob*

Bladsy 9

Dit het alles gebeur in die tyd van die Esob.

Ons het almal geweet wie gekies sou word, maar wat ons nie geweet het nie, was dat daardie jaar anders sou wees, anders as al die vorige jare.

Ek het Daniël en Leonard en Matilda geken. Ek het geweet wat hulle swak punte was. Op slot van sake het ons drie jaar lank saam gebly en geleer.

Die kompetisie in die leerskool was straf. Net die bestes het bo uitgekom. Na die eerste jaar is die aanvanklike veertig kandidate uitgedun tot twintig, en die laaste jaar was ons net tien. En almal het geweet dat ek, Daniël, Leonard en Matilda die bestes sou wees.

Miskien sal dit goed wees om ons storie daar te

begin, by die dag toe Zufar en Zandra die aankondiging gedoen het, die dag van die rooison.

Bladsy 96

Die skrywer sit haar woordverwerker af en staan stram op. Sy kyk deur die venster. Dis laatmiddag; die reën is verby. “Kom, Leonard. Matilda!” roep sy haar twee steekhaarbrakkies. Hulle kom aangehuppel. Sy sit hulle halsbandjies aan. Sy sluit die voordeur oop. Die hondjies storm uit en trek haar agter hulle aan. Sy lei hulle veilig oor die straat. Die promenade is verlate. Die reën het seker die gebruiklike stappers weggehou

Sy stap af totdat sy die branders kan sien breek op die blinkswart rotse. Dan loop sy aan met die breë sement-paadjie. Daar sien sy horn sit. Op hulle bankie. Sy gaan sit langs hom. Hy glimlag. Twee middeljarige mense op ’n bankie langs die see.

“Is jou boek klaar?” vra hy.

“Amper.”

Sy dink aan toe sy jonk was en hoe deurmekaar alles gevoel net. En sy dink aan hoe deurmekaar alles nou nog is. Wysheid en ouderdom loop nie noodwendig hand aan hand nie.

“’n Mens sien nie met jou oë nie, maar met jou hart,” sê sy.

“Is dit waaroor jou boek gaan?”

“Ek wens ek het geweet . . . Miskien,” sê sy na ’n rukkie. “’n Mens sien nie met jou oë nie, maar met jou hart,” herhaal sy. “Ek dink ek het dit êrens gelees.”

Sy kyk na die grys wolke wat swaar oor die see hang en wonder of iemand haar ook uitgedink het.

Ferdinand Daniël en Ben

Ferdinand Daniël en Ben kom albei voor in ***Die hart van Zeebak*** (Tafelberg, 2004). Ferdinand is die hoofkarakter wat probeer vrede maak met wat die ongeluk aan Ben gedoen het.

Die boek was in 2005 op beide die M-Net-boekprys (kort formaat) en die MER-prys vir kinder- en jeuglektuur se kortlyste.

Toe die storie van *Vandag is nie gister nie* begin bymekaar kom, het ek skielik besef dat Ferdinand se Leandra, op wie hy so verlief was in *Die Hart van Zeebak* besonder baie soos Nina in *In die tyd van die Esob* lyk, dus, natuurlik was Daniël se name Ferdinand Daniël en ná sy ervaring op Zeebak, het hy verkies om Daniël genoem te word . . .

Resensie van *Die Hart van Zeebak* in *Die Burger*: 8 Januarie 2005 deur Mariana Loots

Stel jou voor jou stoutste droom word waar. Die een droom wat jy geweet het nie ’n kans het om waar te word nie. Dit is presies wat met Ferdinand Basson gebeur. Bergaf met sy fiets bevind hy hom een laatmiddag skielik op ’n misterieuse dorp, misterieus en stil.

Hier daag ’n eksentrieke inwoner hom tot ’n potjie skaak, maar iets trek sy aandag: Wie is die pragtige blonde meisie wat hom bly ontglip?

Die Hart van Zeebak is ’n boeiende wetenskap-fiksie-verhaal vir tieners rondom 17 jaar. Die hoofkarakter, Ferdinand, was pas klaar met sy matriek eksamen toe hy deur Leandra, ’n inwoner van Zeebak, na ’n ander dimensie ontvoer word. Maar nie alles is pluis nie. Hoekom is daar so baie dinge wat hom aan sy tweelingbroer, Ben, herinner, voor en ná die ongeluk? En waarheen verdwyn die ou oom en tante by wie hy loseer bedags?

Benewens die nagmerries wat Ferdinand teister, bly volg ’n robot hom en ten spyte van al sy vrae, steek Leandra steeds iets vir hom weg. Daar is egter nie tyd om behoorlik oor hierdie dinge te tob nie: iemand moet Nimron en Supremus se bose planne stuit.

Die skrywer, Martie Preller, bied hierdie bildungsroman op kenmerkende wyse aan: ’n jong held moet verskeie (werklik en nie-so-werklike) hindernisse oorkom om dit waarvoor hy bestem is te bereik. Die roman staan veral uit vanweë die keurige taalgebruik. Preller skram nie weg van die moderne woordeskat nie, maar boet geensins die ryke tradisie van die Afrikaanse taaljuwele in nie. Die aanbod en verloop van die verhaal herinner aan een van Preller se vorige romans, *In die tyd van die Esob* (1996) Laasgenoemde speel ook in ’n surrealistiese werklikheid af en soos dit hoort, oorwin die goeie uiteindelik die slegte.

Die Hart van Zeebak is ’n opwindende, aksiebelaaide jeugroman wat te midde van alles wat gebeur ook onder die oppervlak kyk.

Deur Ferdinand se ervaringe sien lesers hoe om ook dieper dinge te hanteer, selfs al voel dit deel van ’n ander wêreld. Weer eens ’n roman met die Preller-gehaltemerk.

Aanhaling uit *Die Hart van Zeebak*

Bladsy 43

“Meneer,” begin hy, “het ons nie vanmiddag skaak gespeel nie?”

Die ou man kyk hom uitdrukkingloos aan. “Jong man,” sê hy. “Daar is baie werklikhede. Hierdie is maar een van hulle. Hy glimlag byna onmerkbaar, steek sy hand uit en streel oor die houtmasker.

Wat bedoel hy? Baie werklikhede? Ferdinand wil ’n halfmiljoen vrae vra, en tog kan hy nie aan een dink nie. Wat is dit met hom? Dis sy. Dis die flippen alien wat hom

so deurmekaar het. Hy is meteens doodmoeg, asof hy van baie, baie ver gekom het.

"Ek is nou net op pad bed toe," sê die ou man. "Kom, laat ek jou wys waar jy kan slaap." Hy stap na die kombuisdeel van die vertrek en haal 'n dik wit kers uit 'n kas en druk dit in 'n diep erdeblaker op die kas. Hy loop met die kers na die brandende fakkel en kantel die kers in die vlamme om dit aan te steek.

Dit voel vir Ferdinand asof die ou man die een of ander ritueel uitvoer. Hy doen alles so stadig en presies. Dan flikker die dik wit kers onafhanklik van die fakkel. Met 'n kopknik na Ferdinand beduie die ou man hy moet hom volg.

Ferdinand loop soos 'n slaapwandelaar agter hom aan. Hulle klim op met die wenteltrap, die ou man effens moeisaam – sy een hand sleep oor die reling terwyl die ander die kers dra. Die vlammetjie speel heen en weer soos hulle loop. Dalk is hy soos 'n mot wat homself gaan verskroei in die lig?

Moya

Moya is ook 'n bykarakter *in* ***'n Haas moet doen wat 'n haas moet doen*** (Human & Rousseau, 1996).

In *'n Haas moet doen* word Gerda die oggend wakker en sy het oornag op die een of ander misterieuse wyse in 'n haas verander. Dit is vanselfsprekend 'n yslike probleem en daarby kan niemand verstaan wat sy sê nie, dus weet niemand dat die haas eintlik sy is nie.

Gerda vlug wanhopig die strate in, want haar eie pa wil haar vir die bure gaan gee, menende dat sy een van hulle hase is.

Aanhaling uit *’n Haas moet doen wat ’n haas moet doen*

Bladsy 20

“En wat makeer jou?” vra ’n stem bokant haar kop.

Gerda ruk haar nek op en kyk vas in blinkswart oë in ’n gesig wat so gerimpeld is soos ’n rosyntjie. Die ou vrou sit op ’n bankie en Gerda het haar nooit eers gesien nie!

Die vrou trek ’n bont kombers stywer om haar skouers. “Dis maar nog koud in die oggende, nè,” sê sy, “maar julle hase kry seker nie koud nie – nie met sulke lekker jassies aan nie.”

Gerda se mond hang oop. Iemand praat met haar, verstaan haar*, ’n grootmens* hoor wat sy sê en . . . “Hoe kan jy my verstaan?” vra sy. “Dink jy nie dis snaaks dat ’n haas kan praat nie?”

“Nee, o nee,” lag die vrou so ’n hie-hie-hie-laggie. “Ek het in my lewe al so baie dinge gesien, ek dink glad nie dis snaaks nie. Dink *jy* dis snaaks?”

“Nee,” antwoord Gerda, “want ek is nie regtig ’n haas nie. Ek is ’n mens wat in ’n haas verander het.” En sy kyk na die vrou.

“O?” sê die ou vrou en knik haar kop. “Is dit so? Dis baie interessant. *Baie* interessant.”

Bladsy 21

“Laat ek jou nou vertel,” sê die ou vrou. “Daar moet ’n baie goeie rede wees hoekom jy in ’n haas verander het. Jy sal nog uitvind wat dit is. Die haas is ’n baie slim dier, weet jy. Daar is baie verhale van hoe die haas al die andere diere en die mense uitoorlê het. Jy sal nog uitvind wat dit is wat jy moet doen.”

“Maar ek *wil* nie,” sug Gerda. “Ek wil net weer ’n mens wees en ek sal nooit weer kla as ek my spelling

moet leer en my huiswerk moet doen nie," en sy kruip diep onder Moya se arm in.

Ella Betermeyer

Ella Betermeyer, tante Sandra se lewenslange vriendin wat orgidieë in 'n binnekamer in haar huis in Vredehoek kweek, speel ook 'n rol in Moesoek en Aron se lewens in ***Maar my magtig, Moesoek*** (Tafelberg, 1998).

Die hele dorpie verwys egter na haar as juffou Betermeyer, dus moes ek uitvind wat haar naam is. Haar naam is Ella. Sy het 'n worshondjie met die naam Tee.

Aanhaling uit *Maar my magtig, Moesoek*

Bladsy 9

"Maar jy kry niks meer roomys voor jy my nie sê hoekom jy dink juffrou Betermeyer is 'n alien nie," dreig ek.

"En Tee . . ." sê Moesoek.

"En Tee," sug ek.

"Ek sê jou wat," sê Moesoek. "Kom ons gaan vra vir juffrou Betermeyer of ons haar gras kan sny. Dan sal jy sien. Daardie vetplante in haar blombakke . . . dis haar slawe wat sy saamgebring het van haar planeet. Bedags is hulle vetplante en snags maak hulle haar huis skoon en sny haar gras en doen al sulke dinge."

Ek begin lag. "As die vetplant-slawe snags haar gras sny, doen hulle dit nie gereeld nie."

"Wat verwag jy?" antwoord Moesoek. "Hulle is aliens."

Die eienaardige veearts-eienaar van die padstal

Die eienaardige veearts-eienaar van die padstal waar Nina-hulle stop op pad na Ashala is Freddie in ***Droomvangers*** (Human & Rousseau, 1998).

Freddie se worshondjie se naam was Martin en Miss Mi, die swart kat met die drie wit pootjies, het aan Miss Jackson behoort.

Miss Jackson het aan Freddie sy droomvanger present gegee. Sy was reeds baie oud *in Droomvangers*, dus sou Freddie beslis na Miss Mi gekyk het toe Miss Jackson nie meer kon nie.

Flapteks

*"*Drome kan gevaarlik wees," het Mandla 'n week na die aaklige episode met Bill gesê.

"Net as 'n mens toelaat dat hulle jou oorvat," het Freddie geantwoord.

En Freddie sal weet, want hy was daar!

Dit het alles begin by Robbie se intrek by mrs Naude-hulle. Almal in die straat was skielik gaande oor dié Robbie. Met sy hande wat vir niks verkeerd staan nie, sy belowende besigheid op die vlooimark en sy rooi bakkie het hy selfs vir Abigail en Crasher in sy sak gehad.

Dis toe dat hy wat Freddie is, besluit om ook iets te doen en dit was mrs Naude wat hom op die regte spoor gebring het. Hy sal ryk mense se honde was en sommer hope geld maak. Hy het tog immers ook sy drome. . . soos om eendag met Abigail te trou, in 'n groot huis te bly en baie motors te hê. 'n Plaas te koop met troppe honde én perde én skape én beeste.

Maar waarmee Freddie nie rekening gehou het nie, was dat om jou lyf entrepreneur te hou, nie altyd sonder slaggate is nie. . .

Aanhalings uit *Droomvangers*

Bladsy 6

"Martin lyk pragtig," sê Ma.
"Woef," sê Martin.
"Martin sê dankie," sê ek.
Ma lag. "Partykeer dink ek jy verstaan regtig wat honde sê," sê sy.
"Ek verstaan regtig." Ek droog die handdoek uit dat die water spat.

Bladsy 17

Ek en miss Jackson maak beurte om te droom. Sy sit altyd op haar gehawende leunstoel en ek lê op haar bank, my hande agter my kop. Miss Mi, miss Jackson se blinkswart kat met die drie wit pootjies, lê altyd haar hele skoot vol. Terwyl ek en miss Jackson droom, hou Martin miss Mi dop. Hy sit regop voor miss Jackson se stoel en staar miss Mi aan. Geen mens weet hoekom hy so gefassineerd met miss Mi is nie. Hy wil nie daaroor praat nie.

Die eienaardige veearts-eienaar van die padstal se vrou

Ek het uitgevind dat Freddie van ***Droomvangers*** toe later met die hoofkarakter van ***Anderkantland*** (Tafelberg, 1994) getroud is. Die wolfhond by die padstal, wat glimlag, was hare.

Anderkantland het die Silwer Sanlamprys in 1994 verower, asook die C.P. Hoogenhout medalje in 1995.

Flapteks

Die hele storie het begin toe ek een middag na skool in die bos gaan loop het. Ek wou gaan dink. Die enigste plek waar ek dit kan doen, is by my sitplek langs die rivier. Wanneer ek daar sit, voel ek soos ’n koningin, totaal in beheer van alles, van my koninkryk, die bos.

Terwyl ek my treë rek om so gou as moontlik by my sitplek te kom, kom daar van agter ’n boom, reg voor my ’n wolfhond te voorskyn. Ek steek heel verbaas vas. Ons het nie ’n wolfhond op die plaas nie en hy lyk beslis nie na ’n rondloperhond nie. “Siebie, siebie, siebie,” roep ek, nes my pa altyd die honde roep, en ek steek my hand uit.

Met donker, donker oë kyk hy my aan, maak sy bek oop en sê: “Wie’s jou siebie?”

Op dié noot begin ’n wonderbaarlike (en skreeusnaakse!) verhaal oor ’n doodgewone meisiekind wat op ’n doodgewone middag in die bos op haar pa se plaas gaan stap … en haar dan skielik en totaal onverklaarbaar in ’n baie, baie anderster soort bos bevind.

Aanhaling uit *Anderkantland*

Bladsy 95

Ek kyk op en daar staan Pa in die deur met ’n baie breë glimlag op sy gesig. Ek voel hoe ek weer bloos en ek weet hy gaan my nou terg en ek weet ek gaan dan woedend word en . . . langs hom staan die wolf . . . hond.

“En dit?” vra ek en wys na die hond. “Wat maak jy hier?” En ek wag vir ’n antwoord, maar natuurlik praat die hond nie. Honde kan mos nie praat nie.

Pa kyk my skeef aan. “Is jy seker jy voel nie sleg nie?”

Ek staar na die hond en skud net my kop.

“Hy het vanmiddag hier aangekom,” sê Pa en vryf oor die hond se kop. “Ek het al die bure gebel. Niemand het ’n hond verloor nie. Maar hy lyk nie soos ’n rondloper nie. Kyk net hoe blink sy pels. Ek dink ons moet hom Prins noem. Wat dink jy?”

Ek sê niks. Ek kyk na die hond en ek kyk na my vinger wat skielik weer brand waar die splinter . . . Ek kyk weer na die hond, en ek sweer, dis die reine waarheid, hy kyk terug, lig sy een wenkbrou en lag met ’n groot oop bek.